KAMPREëLS

Ons vertrou dat u 'n aangename verblyf sal hê. U samewerking i.v.m. die kampreëls is van uiterste belang!!

ALGEMENE ReëLS

1. Moenie mekaar met water, sand of klippe gooi nie.
2. Tree aan by die kombuis wanneer die fluitjie blaas.
3. Gebruik sonskerm.
4. Drink baie water, maar moenie dit mors nie!!
5. Gooi asb. alle rommel in die asblikke.
6. Moenie die gras uit die grasdakke uittrek nie.
7. Die maak van vuur is verbode behalwe by die kombuis of lapa.
8. Moenie enige dier of insek pla nie. Roep die personeel indien daar 'n probleem is.
9. Dra stapskoene in die veld asook in die aand – gebruik ook 'n flits.
10. Geen gesmeer van tandepaste of skeerroom word toegelaat nie.
11. Geen strooptogte van hutte/bungalows of bagasie nie.
12. Kyk agter jou besittings, moenie dit laat rondlê nie.
13. Die kou van kougom word nie toegelaat nie.
14. Snoepie tye – Na elke ete (Tensy anders gereël).

ReëLS VIR BUNGALOW/HUTTE

1. Maak vensters toe wanneer nie in kamp is nie.
2. Moenie nat klere of handdoeke aan die vensters hang nie.
3. Kamers moet elke môre skoon gemaak word (Daar sal inspeksie elke môre wees).
4. Beddens moet netjies opgemaak wees.
5. Alle tasse en sakke ens. moet onder die beddens gebêre word. Sakke moet toegerits word.
6. Moenie beddens rondskuif nie.
7. Moenie met koeldrank en lekkergoed mors nie – dit lok miere en bye.
8. Laaste persoon wat die bungalow/hut verlaat moet asb. die deur toemaak.

ReëLS VIR BADKAMER

1. Seuns, dogters en personeel gebruik slegs die badkamers wat aan hul toegesê is.
2. Gebruik toiletpapier spaarsaam.
3. Indien modder – probeer meeste buite afwas voordat daar gestort word.
4. Moenie op wasbakke sit nie.
5. Hou ten alle tye badkamers skoon.

PLEKKE WAT VERBODE IS:

1. Kombuis (Binne).
2. Snoepie en stoorkamer (Tydens nie-snoepie tye).
3. Personeel bungalows/hutte en kleedkamers.

Geniet u verblyf hier by Arendsnes!